

Anderkant donker Vrydag wag 'n groot Sondag

Baie predikers gebruik op Goeie Vrydag die woorde: It's only Friday, but Sunday's coming. Mag ek ook hierdie refrein gebruik, terwyl ons vandag oor die kruisdood van ons Here nadink.

- Dit was Vrydag ... toe Jesus wreed vasgekap is aan 'n houtkruis buitekant Jerusalem vasgekap is. **MAAR SONDAG IS OP PAD!**
- Dit was Vrydag ... toe Jesus aan die kruis van Golgota uitgeroep het: "My God! My God, waarom laat U my nou in die steek?" (Markus 15:36). **MAAR SONDAG IS OP PAD!**
- Dit was Vrydag ... toe Jesus se liggaam onder die gewig van sonde, wat Hy aan die kruis namens ons moes dra, geknak het. Al wat toe oorgebly het was Sy woorde: "My Vader, Ek vertrou my gees aan U toe." (Lukas 23:46) Toe het Hy gesterf. **MAAR SONDAG IS OP PAD!**
- Toe gebeur Stil Saterdag. Die kruis was kaal, maar die graf was vol. Die Held van die hemel het geval. Hy wat die see en winde kon laat bedaar, Hy wat vir hongeriges kos gegee het, Hy wat God se liefde orals laat grond raak het ... Sy stem het stil geraak. **MAAR SONDAG IS OP PAD!**
- Sondag wag ... Opstanding-Sondag; Leë-Graf-Sondag. Dan gaan nie net die kruis kaal wees nie, dan gaan Jesus se graf ook leeg wees. Dan gaan ons saam met die kerk van alle eeue mekaar met die Griekse woorde groet: "Christos anestē ..." "Christus het opgestaan!" Daarom, hou moed: Sondag kom!

Geskryf deur Stephan Joubert

Gemeente – Algemeen

- Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
- Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
- Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

Voorbidding vir lidmate

Lottie Conradie
Marinda Jordaan
Annika Kilian
Jaco Steenkamp
Leonie Kruger
Sumari Pretorius
Jillian Jansen
Willie Britz
Jaap Naudé
Flippie Roslee
Tannie Bets Coetzee
Annetjie Pienaar
Amoré Alberts
Willie Viljoen
Tannie Rina vd Vyver
Ockie Fourie
Johnny Viviers
Jurie Matthee
Annie Brink
Tannie Poppie Reyneke

Die dag van JESUS se Kruising



Byvoorbaat baie dankie vir jou dankoffer . . .
ABSA Sasolburg; Tjek Rekening
Rekno.: 0520580654
Takkode: 632005

Dank Gebede

- Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk
- Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf
- Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!
- Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.
- Dankie vir U **wondergroot genade...**
- HERE, ek het U lief! AMEN



Gedagte vir die week

Hy is nie hier nie, want
Hy het opgestaan
soos Hy gesê het.

